# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## *(Noord-Kaapse Afdeling)*

***SAAKNOMMER:169/2004***

***DATUM GELEWER: 08-04-2004***

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**FLORA COETZEE**

***Coram: Williams R***

# *HERSIENINGSUITSPRAAK*

***WILLIAMS R:***

Die beskuldigde is in die landdroshof te Victoria-Wes skuldig bevind aan ‘n aanklag van dronkwees in die publiek en is gevonnis tot ‘n boete van R100,00 (Een Honderd Rand) of 20 (Twintig) dae gevangenisstraf.

Die landdros het na die vonnis opgelê is die saak op spesiale hersiening gestuur aangesien die beskuldigde foutiewelik skuldig bevind en gevonnis is.

Dit blyk uit die landdros se notas van die verrigtinge (daar is nie ‘n volledige getikte oorkonde nie) sowel as sy redes vir die spesiale hersiening, dat die beskuldigde op 1 Maart 2004 skuldig gepleit het op die aanklag. Na die beskuldigde verduidelik het dat sy in haar woning gearresteer is, is die pleit toe op hierdie datum verander na

een van onskuldig en is die saak uitgestel vir verhoor.

Met die volgende verskyning op 24 Maart 2004 het die aanklaer weereens die klagte aan die beskuldigde gestel en het sy skuldig gepleit en is sy in terme van artikel 112(1)a) van die Strafproseswet 51 van 1977 skuldig bevind en gevonnis. Eers na sy gevonnis is het die beskuldigde weer die verweer soos hierbo genoem geopper en was dit dus nie moontlik vir die verhoorhof om in terme van artikel 113 van die Strafproseswet op te tree nie.

Die landdros versoek nou dat die skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel word en die saak terugverwys word met ‘n opdrag om ingevolge artikel 113 te handel.

In die omstandighede is hierdie voorgestelde werkwyse die enigste manier om die situasie te red, maar moet ek my misnoeë uitspreek dat dié situasie kon ontstaan in ‘n geval waar dieselfde landdros en staatsaanklaer betrokke was op beide geleenthede en so ‘n gebeurlikheid vermy kon word deur bloot aandag te skenk aan die inhoud van die hofleêr en/of saaknotas.

Die volgende bevel word gemaak:

**a) Die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

**b) Die saak word terugverwys na die Landdroshof met die opdrag dat artikel 113 van die Strafproseswet 51 van 1977 toegepas word.**

**C.C WILLIAMS**
**REGTER**